Vredelust Gemeente

Die Koninkryk van God

Vredelust Selgroepe

Februarie 2009

INHOUDSOPGAWE

Inleiding		3
1.	‘n Anderste Koninkryk	4
2.	‘n Unieke Grondwet	7
3.	Die Waardes Van Die Koninkryk	10
4.	Die Taal Van Die Koninkryk	13
5.	Koninkrykskinders!	16
6.	Herstel Die Koninkryk	19

INLEIDING

Ons Christenskap is baie keer diep ingebed in tradisie en 'n sekere verstaan van Skrifwaarhede wat die werklike diepgang en radikaliteit van Jesus se boodskap verskraal tot 'n gemaklike inkorporering in ons eie klein wêreldjie (koninkrykie). In sy boek "The Secret Message of Jesus" vra Brian McLaren ongemaklike vrae en nooi ons om te doen wat die subtitel van sy boek vra: "Uncovering the truth that could change everything". Hy vra die volgende soort vrae:

> "What if Jesus had actually concealed his deepest message, not trying to make it overt and obviously but intentionally hiding it as a treasure one must find? If that's the case, why would Jesus ever do such a thing? How would we find his message if he had indeed hidden it?
>
> What if Jesus' secret message reveals a secret plan? What if he didn't come to start a new religion – but rather came to start a political, social, religious, artistic, economic, intellectual, and spiritual revolution that would give birth to a new world?
>
> What if the secret message had practical implications for such issues as how you live your daily life, how you earn and spend money, how you treat people of other races and religions, and how the nations of the world conduct their foreign policy? What if his message directly or indirectly addressed issues like advertising, environmentalism, terrorism, economics, sexuality, marriage, parenting, the quest for happiness and peace, and racial reconciliation?
>
> Would we want to know what the message is? How much? Would we be willing to look hard, think deeply, and search long in order to find it? Would we be willing to rethink our assumptions?"

Nogal indringende vrae, né? Ek dink dis nodige vrae want dis tragies dat enige iemand, veral hulle wat hulleself assosieer met die Christelike geloof, onseker kan wees oor wat Jesus se Boodskap nou eintlik was.

Ons wil vanjaar in Vredelust Gemeente op 'n reis gaan om hierdie sentrale boodskap van Jesus, naamlik die koninkryk van God, in sy diepste dimensies te probeer ontdek. Ons gaan sien dat die koninkryk van God eintlik maar net die regering van God is en ons hele lewe wil verander en die gemeenskap wil transformeer. Ons gaan ook kyk na dinge soos die grondwet en waardes van die koninkryk en wat dit beteken om egte koninkrykskinders te wees. En hoe die koninkryk van God weer herstel kan word op aarde.

Ek vertrou jy sien saam met my uit na hierdie avontuur wat vir ons voorlê!!

Leon Oosthuizen

Soek eerste... Matteus 6:33

Google Dit! 1
Sondag 15 Februarie 2008

'n Anderste koninkryk

Dis belangrik vir 'n volgeling van Jesus om te besef dat die koninkryk van God in wese anders is as die koninkryk(e) van hierdie wêreld. In die koninkryk van God geld die beginsels en waardes van God soos ons dit in die Bybel kry. Daar is sekere ooreenkomste met 'n koninkryk in die algemeen, bv. in 'n koninkryk gaan dit om die wil en heerskappy van die koning, maar om te verstaan hoe die koninkryk van God werk, moet ons God se hart verstaan. Ons moet verstaan die beginsels soos deur Jesus uitgespel, veral in die sogenaamde Bergpredikasie (Matt 5-7).

→ Kom ons bv kyk na "Die werklike gelukkiges" soos beskryf in Matteus 5:3-11.

THE UNBEATITUDES

We can understand the Beatitudes by looking at them from their opposites. Some, Jesus implied, will not be blessed. Their condition could be described in this way:

- Wretched are the spiritually self-sufficient, for theirs is the kingdom of hell.
- Wretched are those who deny the tragedy of their sinfulness, for they will be troubled.
- Wretched are the self-centered, for they will be empty.
- Wretched are those who ceaselessly justify themselves, for their efforts will be in vain.
- Wretched are the merciless, for no mercy will be shown to them.
- Wretched are those with impure hearts, for they will not see God.
- Wretched are those who reject peace, for they will earn the title "sons of Satan."
- Wretched are the uncommitted for convenience's sake, for their destination is hell.

→ Kom ons kyk ook na wie welkom is in sy koninkryk

"See, when Jesus began to form His community, it's like there was a giant welcome mat out in front of Him. And where ever He went:

Welcome, poor. Welcome, slaves. Welcome, Gentiles. Welcome, sinners. Welcome, prostitutes. Welcome, everybody. Everybody's welcome, nobody's perfect. Anything's possible. God.

This is a Kingdom. And see what happens, people will look at that community, see the poor in spirit there and the meek there and the mourning there. They say,

'You know, if it could happen for them, it could happen for me. I could be a part of that group. I want to be a part of that group.'

Now, of course, lots of people rejected Jesus. But it was because they didn't want His Kingdom. It was never because He gave them the subtle vibe that they really weren't Kingdom material. Because for Jesus everybody was Kingdom material: Everybody's welcome, nobody's perfect, anything's possible."

--John Ortberg

"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie"

WELKOM

Die doel van 'n ysbreker is om almal te laat ontspan en 'n glimlag op die gesig te sit. Dit help om 'n informele atmosfeer te skep asook nuwelinge te laat tuisvoel. Dis soms nodig dat ons weer soos "kindertjies" moet word! Dit moet nie langer as 10 minute wees nie.

"I spy". Een persoon word aangewys wat iets "spy" wat in die vertrek is. Die letter waarmee dit begin word gegee en dan moet almal raai wat die voorwerp is. Dit kan 'n paar keer herhaal word soos nodig.

WORSHIP

Maak gebruik van 1 sterk aanbiddingslied – dit kan bekend of minder bekend wees. Probeer 'n lied kies wat vir jouself (selleier) baie diep raak – of reël voor die tyd met 'n groeplid om 'n lied wat hom/haar aan raak saam te bring. Laat die groep daarna luister en bespreek hierna hoe die spesifieke lied elkeen aanspreek en watter gevoelens by hulle opgekom het terwyl hulle daarna geluister het.

WOORD

Lees Matteus 5:3-11 (vgl ook p 4 "The Unbeatitudes")

1. Die Bybel praat daarvan dat 'n gelowige iemand is wat oorgegaan het van die koninkryk van die "duisternis" na die koninkryk van "die Seun" naamlik Jesus Christus. Hoe en wanneer gebeur dit? Deel met die groeplede wat in jou eie lewe in dié verband gebeur het.

Jy is nie sommer outomaties deel van die koninkryk van God omdat jy bv in 'n Christelike huis groot geword het nie. Jy kan dit ook nie verdien of verwerf op een of ander manier nie. Die koninkryk van Jesus is 'n geestelike koninkryk en soos jy deel van 'n natuurlike koninkryk raak deur natuurlike geboorte, raak jy deel van Jesus se koninkryk deur geestelike geboorte. Dis 'n konkrete iets wat gebeur by wedergeboorte/bekering (vgl Joh 3:3 LB Jesus sê vir hom: "Glo nou wat Ek vir jou sê: as jy nie weer gebore word nie, kan jy nooit in die nuwe ryk van God inkom nie."). geloof speel dus 'n baie belangrike rol daarin om deel te kry aan die koninkryk en deel te bly van die koninkryk van God.

2. Wat beteken dit prakties dat Jesus se koninkryk "nie van hierdie wêreld is" nie? Wat beteken dit om deel van die koninkryk van God te wees?

Die doelwitte, beginsels en metodes van Christus se koninkryk kom van die hemel. Dis nie maar afkomstig van slim mense of profete of wie ook al nie. Die manier hoe die koninkryk ons lewe affekteer is nie gewortel in hierdie wêreld nie. Die koninkryk van God is daar waar Christus se heerskappy erken word deur manne en vroue.
"Koninkryk van God" beteken eintlik maar net "die heerskappy van God" of "daar waar God regeer", met ander woorde daar waar Hy regtig die Koning is.

3. Die "koninkryk van hierdie wêreld" is op 'n natuurlike manier deel van ons lewe, ons raak daarin groot, die beginsels is deel van ons. Hoe kan ons leef volgens die beginsels van Jesus se koninkryk, wat heeltemal anders is as die beginsels van die wêreld (vgl bv. Matteus 5:3-11 waar beskryf word hoe die burgers van God se koninkryk lyk)?

Die beginsels van die koninkryk is iets wat "ontdek" moet word. Dit nie iets wat soos godsdienstige pligpleging is, 'n stel rituele wat jy klinies kan nakom nie. Dit moet in jou "gebore" word, die Heilige Gees moet jou geestelike oë daarvoor oopmaak. Dit het meer te doen met 'n gesindheid as met 'n daad – vgl Matteus 5:3-11 wat in Engels die "Be-attitudes" genoem word. Dit het te doen met die werk van die Heilige Gees in jou lewe en die vrug wat Hy daar deponeer. Dis nie 'n stel reëls wat jy moet nakom nie, maar 'n sekere houding wat in jou alledaagse lewe en werk reflekteer. Jy moet voortdurende oop wees om dit te ontvang.

4. 'n Koninkryk verskil in wese van 'n demokrasie. Wat is die verskille en wat is die implikasies vir ons?

'n Koninkryk en 'n demokrasie is twee verskillende wêrelde. In 'n demokrasie is elke stem en elke opinie belangrik. Die meerderheid regeer. Dit werk egter anders in 'n koninkryk. Die stem van die mense tel niks, daar is net een opinie wat saak maak, die koning sin. In 'n demokrasie wil ons debatteer en konsensus bereik deur almal tevrede te stel terwyl in 'n koninkryk dit slegs gaan om te besef dat die koning se woord wet is. God se Woord is bepalend in sy koninkryk.

5. Die koninkryk van God het alles daarmee te doen om 'n volgeling van Jesus te wees vir die res van jou lewe. In die lig hiervan, bespreek die volgende stelling: "In other words, you don't simply move into a new status like becoming a member of a club. No, more – you move into a new practice, like a doctor entering the practice of medicine, a lawyer entering the practice of law….You are now launching out on a new way of life, a new vocation, centered on the practice of Jesus' message. Jesus put it like this: as a new disciple, you learn to practice everything he has taught (Mathew 28:18-20)."

Soos met medisyne, die wet, kuns, musiek, of enige ander praktyk ontwikkel jy bekwaamheid deur die toepas van sekere praktyke (dissiplines). Vir gelowiges is dit dinge soos vir die armes te help sorg, om te bid en vas ens. Dit werk soos met oefening. Soos jy jou oefeninge doen, ontwikkel jou spiere – jou kapasiteit verhoog ook en jy raak 'n persoon wat dinge kan doen wat jy nie vroeër kon doen nie. Jy begin 'n lewe wat jy nie vroeër kon lewe nie.

6. Deel met jou groeplede hoe jy persoonlik die lewe in die koninkryk van God ervaar.

Iemand sy ervaring soos volg:
"You find a new home, meet new neighbours, and settle into a whole new life. You quickly realize you have a lot to learn. The people speak a new dialect here. It's not the old familiar accent of pride, judgment, bragging, misleading, insulting, or lying; rather, it's an accent of gratitude, encouragement, truth telling, admitting faults, and celebrating joys. You also notice that people here live at a different pace than you're used to – they're not lazy, and they're not workaholics either. They live with a certain rhythm, weaving rest and work and worship and play and fellowship and sacrifice and feasting and fasting. As you settle into your new life, you almost feel that you have been born into a new autobiography and a new world."

Bedien Mekaar

Laat groeplede op 'n papiertjie neerskryf wat die twee grootste uitdagings in hulle volgelingskap van Jesus is. Bid vir mekaar as burgers van die koninkryk van God wat in hierdie wêreld moet leef. Waar sukkel jy om God te laat regeer?

WÊRELD

Spandeer tyd om as groep saam te praat oor julle missie vir die jaar. Hoe beoog julle om uit te reik na ander en dienslewering in die gemeenskap te doen?

Google Dit! 2
Sondag 22 Februarie 2008

'n Unieke Grondwet

Vir elkeen wat 'n volgeling van Jesus Christus wil wees en deel van sy koninkryk wil word, is die volgende saak: waar leer ek meer van die nuwe lewe, lewe in die koninkryk? In Jesus se dag sou jy na die platteland gegaan het, of die binnehof by die tempel, of waar Jesus ook al geleer het. Waar gaan jy vandag om Jesus se lering oor die koninkryk te kry?

Die gekonsentreerdste voorbeeld van die lering van Jesus kry ons in Matteus 5-7, 'n gedeelte wat dikwels genoem word "Die Bergpredikasie". Ons kan dit noem die grondwet of manifes van Jesus se koninkryk. Eintlik is dit nie tipies van Jesus se kommunikasiestyl nie omdat dit 'n uitgebreide monoloog is in plaas van die meer tipiese dialoog. Dit bevat ook geen gelykenisse nie, alhoewel daar ander briljante literêre en retoriese gedeeltes is. Dit is daarom 'n ongewone, miskien is *uniek* 'n beter woord, voorbeeld van Jesus se lering. Indien ons die essensie van Jesus se geheime boodskap wil verstaan, is daar geen beter plek as om daar te begin nie.

Hierdie grondwet van Jesus transformeer onder andere sosiale verhoudinge en neem dit na 'n vlak waar ons God se hart kan hoor klop. Dit draai die manier van hoe die wêreld funksioneer onderstebo! Om 'n volgeling van Jesus te wees gaan nie maar net om 'n eenmalige daad van "tot bekering kom" nie, maar hou in 'n totale transformasie van 'n mens se lewe, en daarmee saam van die gemeenskap waarbinne daar gelewe word. Dis koninkryksdenke.

"The Sermon on the Mount is the compacted, congealed theology of Christ and as such is perhaps the most profound section of the entire New Testament and the whole Bible. Every phrase can bear exhaustive exposition and yet never be completely plumbed. Along with this, it is the most penetrating section of God's Word. Because the theme is entering the kingdom of heaven, it shows us exactly where we stand in relation to the kingdom and eternal life (see 5:3; 7:21). As we expose ourselves to the X-rays of Christ's words, we see whether we truly are believers; and if believers, the degree of the authenticity of our lives. No other section of Scripture makes us face ourselves like the Sermon on the Mount. It is violent, but its violence can be our ongoing liberation! It is the antidote to the pretense and sham that plagues Christianity." RK Hughes: *The sermon on the mount : The message of the kingdom*.

"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is." Matteus 7:21

WELKOM

Elkeen vertel een iets in die groep wat die ander nog nie van hom/haar weet of gehoor het nie.

WORSHIP

Kies 'n psalm wat hardop voorgelees word bv Psalm 103.

Vra die selgroeplede om hulle te verbeel dat hulle na 'n verlate eiland gaan. Hulle mag slegs 1 vers of 'n paar woorde uit die psalm saamneem om vir die res van hul lewens hulle te versterk of hulle te herinner aan 'n spesifieke eienskap van God. Skryf dit neer op stukkies papier en plaas dit in die middel van die vertrek.

Neem 'n paar minute (terwyl agtergrondmusiek speel) en kyk na alles wat neergeskryf is. As almal klaar is, dank die Here vir dit wat op die papiertjies staan.

WOORD

Lees Matteus 5:13-16

1. Baie dink dat die sentrale boodskap van die Bybel en die Bergrede is: "Hoe kan 'n individu na sy/haar dood in die hemel kom?" Wanneer mens egter reflekteer oor die lewe en boodskap van Jesus kom jy agter dit gaan eerder oor: "Watter soort lewe wil God hê moet iemand lewe? Hoe lyk lewe in die koninkryk van God? Wat is 'n ware goeie (regverdige) lewe?" Bespreek.

Jesus se boodskap fokus ons nie weg van hierdie lewe na die lewe hierna in die hemel nie. Jesus se boodskap wil ons juis fokus op die hier en nou. Jesus gee nie maar 'n paar los mooi gesegdes wat sal pas op 'n Hallmark kaartjie nie. Die Bergrede is 'n diskoers gebaseer op briljante gedagtes wat ten doel het om 'n beweging op aarde te loots. Hierdie woorde is nie maar bedoel om jou waarde te boost nie, dis gevaarlike woorde wat jou in 'n hele nuwe lewe wil inneem!

2. Jesus sê sy volgelinge is "sout" en "lig" in hierdie wêreld (5:13-16). Dit beteken ons is ambassadeurs van sy hemelse koninkryk op hierdie aarde. Wat is die rol van 'n ambassadeur?

God het gekies om die boodskap van sy koninkryk oor die aarde te versprei nie deur godsdienstige mense nie, maar deur persoonlike verteenwoordigers. 'n Ambassadeur is 'n politieke aanstelling wie se werk is om sy regering te verteenwoordig in ander lande en by ander regeerders. Die lewe in die koninkryk is nie 'n private lewe nie, vgl Matteus 24:14 NLV: "Hierdie Goeie Nuus van God se koningsheerskappy sal eers in die hele wêreld, aan al die nasies, verkondig word voordat die einde kom." Die geheim van die koninkryk mag nie vir jouself gehou word nie. Goeie ambassadeurs gee nooit hulle eie opinie, maar slegs die offisiële beleid van die regering wat hulle aangestel het. Die doel van 'n ambassadeur is om die gebied waarvoor hy aangestel is te beïnvloed tov die koninkryk wat Hy verteenwoordig.

3. Jesus sê dat Hy gekom het om die wet te "vervul" omdat die soort lewe van die Fariseërs nie genoeg is om jou in die koninkryk van God te bring nie (Matteus 5:17-22). Wat bedoel Hy daarmee?

Jesus het nie gekom om die standaard van lewe te kom verlaag nie, maar juis om dit te verhoog en na 'n nuwe vlak te neem. Die Fariseërs was tevrede om die wet op 'n uiterlike manier te probeer nakom sonder dat hulle innerlike ingesteldheid en hart noodwendig in lyn was daarmee. Jesus bring egter die vlak van uiterlike konformering na innerlike verandering van die gedagtes en hart. Jesus roep mense na 'n hoër manier van lewe wat fokus op die eintlike bedoeling van die wet en nie net tegniese perfeksie nie. Die koninkryk van God roep jou om na te jaag 'n opregte rein hart.

4. Ons het verlede keer gepraat oor die feit dat die koninkryk van God alles daarmee te doen om 'n volgeling van Jesus te wees vir die res van jou lewe en dat dit alle areas van jou lewe impakteer. In die lig hiervan, bespreek hoe dit jou lewe raak op die volgende areas (jou sosiale verhoudinge):

    - Oor kwaad word en vrede maak (5:21-26)
    - Kuisheid (5:27-30)
    - Egskeiding (5:31-32)
    - Om iemand van jou woord te wees (5:33-37)
    - Moenie wraak neem nie – wees inskiklik (5:38-42)
    - Liefde sonder grense (5:43-48)
    - Reik uit na ander in nood (6:1-4)
    - Moenie met 'n vergrootglas na ander se foute kyk nie (7:1-6)

5. Koninkrykskinders tree anders op as mense van hierdie wêreld. Kan ander mense rondom jou dit uit jou lewe agterkom? Waar sukkel jy?

John Ortberg ("The life you've always wanted") skryf: "The good news [of the kingdom of God] as Jesus preached it is that it is now possible for ordinary men and women to live in the presence and under the power of god. The good news as Jesus preached it is not about the minimal entrance requirements for getting into heaven when you die. It is about the glorious redemption of human life – your life."

Bedien Mekaar

Draai twee-twee na mekaar en deel met die ander persoon waar jy sukkel om regtig as 'n hemelse burger op te tree en nog baie kere aards en natuurlik is in jou denke en gedrag.

WÊRELD

Het julle as selgroep al oor 'n missie besluit? Die doel van kerkwees en selgroepwees is om deel van die missie van Jesus Christus op hierdie aarde te raak. Elke selgroep moet 'n missie hê. Spandeer genoeg tyd om as groep saam te praat en te bid oor julle missie vir die jaar.

Google Dit! 3
Sondag 1 Maart 2008

Die waardes van die koninkryk

Die manifes van Jesus se koninkryk transformeer nie net sosiale verhoudings nie, dit transformeer ook wat ons kan noem geestelike gewoontes of praktyke.

Ons sal nie hier volledig kan ingaan op geestelike gewoontes (ook genoem *dissiplines*) nie, maar 'n analogie kan help. Ek sal een kilometer kan hardloop dink ek, al is ek hoe onfiks. Maar ek sal nie 'n maraton kan hardloop nie, al is ek hoe ernstig en vas van voorneme om dit te doen. Hoe hard ek ookal sal probeer, ek sal krampe kry en my kuite en rug sal oppak. Ek mag selfs hartversaking opdoen om te probeer 42 km hardloop. Maar soos baie al geleer het, wat huidiglik onmoontlik is, kan vir my moontlik raak indien ek die gewoontes of dissiplines aanleer van maraton hardlopers. Ek kan begin met kort afstande en dit geleidelik vermeerder asook allerhande ander oefeninge en gewoontes van atlete begin navolg.

Geestelike gewoontes werk op dieselfde manier. Net soos wat atlete oor jare geleer het hoe dit moontlik is om van 'n beginner te ontwikkel tot iemand wat 'n marathon kan hardloop, het beoefenaars van die geestelike lewe gewoontes ontwikkel wat genoem word geestelike dissiplines sodat geestelike transformasie aangehelp kan word. Ons begin as 'n onfiks banksitter en kan eindig as 'n maraton hardloper; ons begin as 'n aanstootlike en depressiewe egoïs en eindig as 'n liefdevolle en volwasse burger van die koninkryk van God.

Sonder die voordeel van ervaring van ander kan jy maklik verkeerd of onproduktief oefen en nie by jou einddoel uitkom nie. "Practice makes perfect" is nie heeltemal akkuraat nie. Gereelde oefening bring *gewoontes* na vore, daarom sal onwys oefening tot gevolg hê dat roetines aangeleer word waarby nie veel gebaat word nie. Daarteenoor sal 'n goeie oefenprogram of –praktyke dinge moontlik maak wat nie voorheen moontlik was nie.

In sy koninkrykmanifes wys Jesus hoe die "godsdienstige pligte" van die Fariseërs kontra-produktief mense in korrupte praktyke kan vasvang (matt 6:1-4). Hy fokus op drie van hierdie gewoontes of praktyke:

- Om aan armes te gee
- Gebed
- Vas

Ons gaan na hierdie praktyke of gewoontes kyk as voorbeelde van "geestelike dissiplines" in ons lewe wat ons wil help om as Jesus-volgelinge ware burgers van sy koninkryk op aarde te wees.

Religion is man's substitute for the Kingdom and that is why it cannot and will never satisfy him. Only the Kingdom can solve man's eternal problem. Myles Monroe

WELKOM

Laat elkeen deel van die tyd toe hulle die fikste ooit was. Hoe fiks is jy op die oomblik?

WORSHIP

Gaan deur die alfabet van A tot Z en vra die groeplede om vir elke letter van die alfabet 'n eienskap van God te noem (humor en worship gaan saam!)

WOORD

Lees Matteus 5:19

Vgl Die Boodskap vertaling: *"Indien jy dit sou waag om een van die voorskrifte in die wet te ignoreer, hoe onbenullig dit ook al is, is jy in groot moeilikheid by God. Jy is nog dieper in die moeilikheid as jy ander mense ook leer om hierdie voorskrifte te ignoreer. As jy sulke dinge doen, moet jy nie dink dat daar vir jou 'n plek in God se nuwe wêreld sal wees nie. Aan die ander kant: as jy alles doen wat die wet sê en ook vir ander mense leer om presies dieselfde as jy te doen, sal jy definitief 'n plek in God se nuwe wêreld kry."*

1. 'n Mens groei in jou geestelike lewe deur die aankweek van geestelike gewoontes, net soos wat atleet aanleer om 'n maraton te hardloop. Laat groeplede deel vanuit hulle eie ervaringswêreld hoe hulle in iets gegroei het deur sekere gewoontes na te kom bv leer klavier speel het ens.

Soos met 'n maraton atleet is die geheim nie om harder te probeer nie, maar eerder konsekwentheid of gereeldheid. Daarom die sogenaamde geestelike dissiplines *of gewoontes. Hierdie dissiplines is nie 'n doel op sigself nie. Dit is oefeninge wat ons uithouvermoë op die geestelike pad van groei versterk. Soos wat ons op hierdie pad gaan, sien ons die padtekens – vreugde, vrede, welwillendheid – en al die tekens van 'n geloof wat kragtig, eg en groeiend is.*

2. Daar is verskeie gewoontes of dissiplines wat deur eeue heen ontwikkel het onder gelowiges om hulle te help in hulle volgelingskap van Jesus. Laat groeplede 'n paar noem en met die groep deel hoe dit hulle help om te groei in hulle geestelike lewe.

Richard Foster ("Celebration of Discipline) behandel die volgende in sy welbekende boek: Meditasie, gebed, vas, studie [innerlike dissiplines]; eenvoudige lewenstyl, afsondering, onderwerping [uiterlike dissiplines]; belydenis, worship, leiding, celebration [gemeenskaplike dissiplines].

3. Jesus fokus in die "grondwet" van sy koninkryk op drie praktyke wat groot waarde het indien ons dit reg beoefen. Die eerste is "om armes te help" (Matt 6:1-4). Hoe kan 'n lewe van *gee* (vrygewigheid) help met ons geestelike transformasie?

Billy Graham het gesê dat 'n mense twee hande het – die een om mee te ontvang, die ander om mee te gee. Dit loop soos 'n goue draad deur die Bybel dat God ons seën (vir ons gee) sodat ons vir ander kan seën (kan gee). Dit vorm die kern van God se hart en help ons dus om 'n hart soos God te ontwikkel.

"Jesus emphasized the importance of giving to those in need. Assuming the giving even as he was directing how the giving should be carried out, his repeated phrase was "When you give," not "If you give." Helping other people becomes a real adventure if we remain anonymous. Regardless, we still must help others. We may have to live through times when our acts of generosity are neither recognized nor appreciated. What can you do to give to those in need?" Life application Bible commentary

4. Watter rol speel gebed in 'n volgeling van Jesus se lewe (vgl Matt 6:5-8). Laat groeplede bietjie deel oor hulle persoonlike gebedservaringe.

Die gebedslewe van Jesus se volgelinge sal radikaal verskil van die skynheilige godsdienstige leiers van sy tyd. Jesus veroordeel nie publieke gebed nie. Sulke gebed was belangrik in die vroeë kerk, asook vandag. Gemeenskaplike gebed het 'n baie groot krag. Die punt wat Jesus wil maak is dat mense wat meer bid in die publiek as privaat, moet na hulle motiewe kyk. Indien hulle regtig met God wil fellowship moet hulle alleen in hulle binnekamer gaan. Hierdie "binnekamer" was waarskynlik 'n binnekamer sonder vensters. Publieke gebed is baie keer ingestel om die regte woorde te gebruik asook politieke korrektheid en selfs trots. Private gebed stel gelowiges in staat om hulle harte voor God uit te stort en hulle ware gevoelens uit te druk, asook om te luister in die stilte na God se antwoord. Jesus noem God juis "Vader", 'n intieme woord wat die verhouding beskryf wat gelowiges met Hom het.

5. Hoe kan "vas" 'n mens help in jou verhouding met God? Is daar groeplede wat ervaring het van vas?

"Fasting is a spiritual discipline, like prayer and giving. All three remind us of a primary relationship—God and us. All three require that we give up something to gain something better. The first time you voluntarily give up the pleasure of food, it may hurt. Start with just a one-meal fast, advises author Richard Foster. Treat fasting like an athletic exercise. If you're a novice, don't try to swim the English Channel. During your fast, pray often. Be sure not to make a big public event of it, telling friends or moaning to your family about hunger pangs. Just pray. Open yourself to God. Tell him how much you want his love and guidance. Read some psalms, refreshing your heart with food from God's Word. Let your fast bring you joy before you turn again to the food that you need to run the next mile." Life application Bible commentary

Bedien Mekaar

Deel met mekaar oor die rol wat geestelike gewoontes in jou lewe speel en veral die areas waar jy sukkel. Bedien mekaar hieroor.

WÊRELD

Hoe lewe julle as selgroep 'n lewe van gee? Of gaan dit net om julleself as groep en julle eie behoeftes? 'n Selgroep wat net na binne fokus en op die behoeftes van die lede van die groep, is 'n selgroep wat sal stagneer.

Google Dit! 4
Sondag 8 Maart 2008

Die TAAL van die koninkryk

Baie mense daar buite se ervaring van Jesus en God is op grond van hulle kontak en belewenisse met die kerk as instituut of met verteenwoordigers van die kerk wat 'n godsdienstige wettiese aanslag in hulle Christenskap het. Vir baie buite die kerk en die Christelike geloof het Christenskap daarom 'n negatiewe reputasie opgebou . Mense buite die koninkryk van God word so afgesit deur die houding van baie gelowiges en die "taal wat hulle praat" dat hulle niks met die koninkryk van God te doen wil hê nie.

Hier is van die persepsies, skeptisisme en besware van buitestaanders:

- Hipokrities – buitestaanders sien ons as mense wat een ding sê en 'n ander ding doen – hulle is skepties oor ons morele hoogheilige houdings wat baie keer ingeneem word.
- Te gefokus op bekeerlinge – buitestaanders wonder dikwels of ons regtig omgee vir hulle. Hulle voel baie keer meer soos 'n teiken as dat hulle gesien word as mense met behoeftes.
- Anti-homoseksueel – buitestaanders voel Christene het nie respek vir gays en lesbians en hulle menswaardigheid nie en dat daar neergesien word op hulle as swakker klas mense.
- Beskermd – buitestaanders sien Christene as oud-modies, vervelig en mense wat nie in voeling met werklike lewe is nie.
- Veroordelend – buitestaanders dink aan Christene as mense wat gou is om ander te oordeel. Hulle twyfel of ons mense regtig so liefhet soos ons sê.

Hoe jammer is dit nie om hierdie dinge te lees nie omdat die taal wat in God se koninkryk gepraat word, die taal van diensbare liefde is. David Kinnaman skryf in sy boek "Unchristian": "To shift our reputation, Christ followers must learn to respond to people in the way Jesus did. We have to be defined by our service and sacrifice, by lives that exude humility and grace. If young outsiders say they can't see Jesus in our lives, we have to solve our "hidden Jesus" problem. This may be the hardest thing in the world to get right. We have difficulty just admitting that we have a problem. The truth is we all have much to learn, and the more mature we are in our faith, the more we are able to see our need to grow. In our surveys of people's spiritual perspectives, it is no surprise that mature believers are more likely to identify their weaknesses, because they are able to see themselves more clearly in light of God's standards. They don't fool themselves."

One day, while reading John fifteen, it occurred to me that Jesus passed on the values of the Kingdom in the same shortened manner. In John fifteen, Jesus emphasizes three things: Abiding in Christ; Loving each other; Being witnesses to Him. Obviously, there are many other values in the Kingdom. But they all come back to these three:

--love God -- love one another --Love those who don't know Jesus

I teach, disciple, train, and witness around these truths. They can be expanded of course, as there are many truths that make up the Kingdom of God, but these three comprise the core of the Kingdom.

Floyd McLung: "You see bones, I see an army"

WELKOM

Een persoon word geblindoek en die res beskryf 'n voorwerp wat in die vertrek is sonder om die naam van die voorwerp te noem. Die geblindoekte persoon moet raai wat die voorwerp is.

WORSHIP

Maak hierdie week gebruik van liedere soos opgeneem deur Vredelust worshipteam (November 2008 opname)

WOORD

Lees Johannes 15: 4, 9, 12, 16.

"Julle moet in my bly en Ek in julle...julle moet in my liefde bly...dit is my opdrag, julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet...Ek het julle uitgekies en julle aangestel om te gaan vrug dra..."

1. Laat elkeen deel oor een lewenswaarde wat vir jou persoonlik baie belangrik is.

2. Lees voor aan die groep hoe Floyd McLung die kernwaardes van God se koninkryk verstaan (die blokkie op p13 van hierdie handleiding). Bespreek dit en sê of julle saamstem.

3. Wat beteken dit om God as die Koning of Heerser lief te hê, veral in die lig van die feit dat moderne mense normaalweg bang is vir 'n koning (heerser) en sy absolute mag?

Ons moenie toelaat dat ons negatiewe denke oor moderne ervaringe van slegte koninkryke met despotiese konings ons afsit nie. Ons is nie slawe in 'n outokratiese opset nie. Dis belangrik dat ons God se oorspronklike plan met sy skepping sal verstaan: God se oorspronklike bedoeling in die begin was om 'n familie van geestelike seuns (kinders) tot stand te bring, nie slawe nie; om 'n koninkryk en nie 'n religieuse organisasie op te rig; om 'n koninkryk van konings en nie onderdane tot stand te bring; om te vestig 'n statebond van burgers, nie religieuse lede; in 'n verhouding met die mens te staan en nie godsdiens te reël nie; sy hemelse regering op aarde te vestig; om die aarde vanuit die hemel te beïnvloed deur mense.

4. Wat beteken dit om mekaar lief te hê, veral in die lig van die feit dat ons almal prinse en prinsesse is, mede-erfgename in die ryk van God?

Die een is nie beter as die ander nie, ons het almal dieselfde status. Ons het die verantwoordelikheid om alle medegelowiges met waardigheid en respek te behandel, veral hulle wat swaarkry en minder goed daaraan toe is as ons (vgl Gal 6:10). Baie van ons broers en susters wat seergekry het vind dit moeilik om hulle waarde regtig te besef en daarvolgens te leef. Ons moet hulle help om op te neem wie hulle regtig in Christus is, prinse en prinsesse in sy koninkryk.

5. "Ons moet hulle liefhê wat nie vir Jesus ken nie". Hoe tree ons op teenoor "outsiders", hulle wat buite die huisgesin van God is?

Vgl die inleiding tot hierdie byeenkoms.

6. Hoe kan ons beter en meer effektief uitreik na "outsiders"? Hoe reik julle as groep uit na "outsiders"? Nooi julle gereeld sulke mense na julle byeenkomste?

Dis vir ons baie belangrik by Vredelust dat selgroepe nie geslote groepe sal wees wat net vir mekaar omgee nie. Selgroepe (as vorm van kerkwees) is deel van God se missie in hierdie wêreld om die Goeie Nuus oral uit te dra en te help met die transformasie van hierdie wêreld.
Dis een van die gewoontes van 'n selleier dat hy/sy sal uitreik na ongelowiges en op 'n gereeld basis mense sal nooi selgroepbyeenkomste. So word met voorbeeld gelei.

Bedien Mekaar

Deel met mekaar oor watter area in jou lewe die sterktse ontwikkel moet word: jou liefde vir God? Vir mede-gelowiges? Vir ongelowiges? Bid nou vir mekaar hieroor.

WÊRELD

Hoe verstaan julle 'n selgroep? Wat is julle visie vir julle selgroep? Het julle 'n visie? Deel van 'n gesonde visie is dat selgroepe oop evangelistiese groepe is sodat "outsiders" genooi kan word en tuis kan voel in die selgroep en daar groei kan plaasvind.

Google Dit! 5
Sondag 8 Maart 2008

KONINGSKINDERS!

"God's Kingdom is different from earthly kingdoms in that it has no subjects. There are no peasants in the Kingdom of God, only sons. In the Kingdom of God we are not subjects but members of the royal family. Jesus Christ, the only begotten Son of God, whom Revelation 19:16 (NLB) refers to as 'King of Kings and Lord of Lords' is our elder Brother. Everyone in God's Kingdom is a prince or princess. There are no peasants or middle class, and no order of servants. In God's Kingdom, everyone is related to the King.

In addition, God's purpose was to establish a commonwealth of citizens, not members of a religion. This understanding is essential to grasping the concept of the message of Jesus Christ concerning the Kingdom of heaven. As a kingdom is a government and nation, it would not have members as would a religious organization. As a matter of fact the Lord never intended that those who believe in Jesus as Messiah and King be referred to as *Christians*. Now you are probably stumbling over this sentence and wondering how I could make such a statement. Here is the problem: the word *Christian* has too much baggage attached to it. It refers to a whole host of people and some of them have no connection to God's Kingdom. The word has become a 'religious' term devoid of any significant meaning as it relates to the Kingdom of God. Kingdoms are built upon the concepts of legalities, which extend to its citizens, offering them the rights and privileges that are guaranteed by the King.

However, the concept of kingdom is completely opposite to the concept of religion. A kingdom consists of a king with citizens. Citizenship is essentially a legal entity with rights and privileges protected by a constitutional commitment of the king and its government. Too many Christians are simply religious people, but citizens of the Kingdom are legal people – legal in the sense that by virtue of a spiritual birth each individual in the Kingdom has the rights and blessings of citizens of this heavenly Kingdom. *We must be delivered from our religious mindsets and have our thinking readjusted so that we can take on a regal mindset.* Religious people have no rights, but legal people do. God has always desired sons who are citizens of his Kingdom, possessing the legal right to be part of His family.

God is King over everything that is, whether visible or invisible. From his throne in heaven He reigns in glory and majesty over the invisible spirit realm his reign over the physical domain takes a different form. Rather than rule directly, God chose from the very beginning to exercise His kingly authority on earth through human envoys created in His image to rule the earth in his name as His representatives (Gen 1:26-28).... At creation, God gave man dominion over the entire physical realm, making him the de facto king of the earth.... God gave us *rulership* of the earth, not ownership.... We were born to rule the earth – all of us. When we do not become who we were meant to be or fulfil our destiny, we open the door to a whole world of personal problems."

Myles Monroe: *Rediscovering the Kingdom*

WELKOM

Elkeen kry tien boontjies. Elkeen om die tafel sê iets wat hulle nog nooit in die lewe gedoen het nie, bv. Rolskaats. As iemand anders dit al gedoen het, moet hulle 'n boontjie in die bak gooi en die een wat die minste oor het wen.

WORSHIP

Gebruik hierdie week 'n verskeidenheid van God – geïnspireerde gedigte en laat enkele groeplede die gedigte voordra.

Voorstel: Kry 'n digbundel bv. Koos van der Merwe se Pelgrimsreise en laat voorlesings hieruit plaasvind.

NB – Kies vooraf +- 10 - 12 gedigte. Skep atmosfeer deur rustige agtergrondmusiek en steek 'n paar kerse aan.

WOORD

Lees Genesis 1:26-28; Psalm 115:15-16

1. Hoe moet dit voel om 'n prins of 'n prinses in 'n koninklike hof te moet wees? Wat sou jy die graagste gedoen het?

2. Die skeppingsdoel van die mens is om te heers of regeer oor die aarde. Wat beteken dit?

Gen 1:26: have dominion: Rule as God's regent. That is, people are to rule as God would—wisely and prudently—over all that God has made (fish, birds, cattle, and so on)....God's original purpose and intent was to rule the seen from the unseen through the unseen living in the seen on the scene.
Wanneer jy regtig verstaan dat jy geskep is om te regeer, dan het dit lewensveranderende impak op jou. Jy begin met ander oë na jouself kyk, jy ontdek jou ware waarde – prins in die koningshuishouding van die lewende God. God wil met jou verhouding bou, nie in 'n religie indwing.

3. Bespreek die volgende stelling: "God gave us rulership of the earth, not ownership".

Iemand wat eienaarskap aan iemand anders gee, gee ook alle verantwoordelikheid daaroor af. Die persoon wat die posisie van regeer afstaan maar eienaarskap behou, behou ook die uiteindelike verantwoordelikheid. In die begin het god aan ons 'n "bestuurskontrak" gegee. Die Bybel is duidelik dat die aarde aan God behoort (Gen 2:16-17). Ons moet aan God verantwoording doen oor dit wat Hy aan ons toevertrou het.

4. Bespreek die volgende stelling: God sal niks op aarde doen sonder dat ons, aan wie hy dominion gegee het, dit toelaat nie.

Vgl die inleiding tot hierdie byeenkoms.

5. God se doel was om 'n koninkryk met kinders tot stand te bring, nie slawe of onderdane nie. Wat is die betekenis hiervan vir ons Christenskap? Vergelyk Joh 1:12.

Paul uses adoption or "sonship" to illustrate the believer's new relationship with God and his or her privileges as part of God's family. In Roman culture, the adopted person lost all rights in his old family and gained all the rights of a legitimate child in his new family. He became a full heir to his new family. Likewise, when a person becomes a Christian, he or she gains all the privileges and responsibilities of a child in God's family. One of these outstanding privileges is being led by the Spirit (Galatians 4:5–6). This slavery to fear most likely refers to life under the law, obedience that was concerned for scrupulous exactness with a constant fear of failure. Paul implies that the absence of fear is an important indicator of the Spirit's presence: "God did not give us a spirit of timidity, but a spirit of power, of love and of self discipline" (2 Timothy 1:7 NIV).

6. Romeine 8:17 sê: "En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus." Wat betreken dit om 'n erfgenaam van God te wees? (Vgl ook Gal 4:7).

As aangenome kinders van God (Rom 8:15) is dit belangrik om ons status reg te verstaan. Om "aangeneem" te wees was 'n baie belangrike ding in die Romeinse reg en kultuur. Die aangenome een was weggeneem uit sy vorige staat en het nou in 'n nuwe verhouding met sy pa te staan gekom. Sy vorige posisie en skulde was uitgekanselleer en hy kon 'n nuwe lewe begin. As aangenome kinders van God is alle vorige skulde uitgekanselleer en het hulle nou die regte, voorregte en verantwoordelikhede van eie kinders van God.
Vir die Jode was die erfenis die Beloofde Land – vir ons as gelowiges is dit 'n ander "land", die koninkryk van God.

Bedien Mekaar

Bedien mekaar oor wie julle regtig in God is. Bely hardop jou status en verklaar dit hardop teenoor mekaar.

WÊRELD

Het julle mense vir wie julle bid wat nie deel van julle groep is nie? Bid vir die regte maniere om na hulle uit te reik asook die regte aanknopingspunte.

Google Dit! 6
Sondag 15 Maart 2008

HERSTEL DIE KONINKRYK!

Ons het gesien dat die mens geskape is as beeld van God om namens God oor die skepping, die aarde te regeer. Dit is die belangrikste doel van menswees. Ons sien egter dat die mense, omdat hulle geskape is met 'n eie vrye wil, gekies het om hulle eie ding te doen. Dit het bekend geraak as die sondeval en het verwydering tussen God en die mens gebring en gemaak dat die beeld van God in die mens gebroke geraak het. Ons posisie het as mense verander

Die missie van Jesus Christus was nou om hierdie situasie weer te kom omdraai omdat die mens, selfs na God se direkte bemoeienis en openbaringe aan hulle, nie in staat was om reg te lewe en reg te doen nie (vergelyk Israel se geskiedenis). Jesus het dit moontlik gemaak dat die verhouding met God weer herstel kan word en die mens as beelddraers van God weer hulle regmatige posisie voor Hom en teenoor die aarde kon inneem. Hy het ons weer herstel as sy seuns en dogters en ons terug gebring in sy koninkryk. Hy het weer die koninkryk van God aan ons kom bekendstel en vir ons kennis daarvan gebring.

Dis jammer dat groot dele van die Christelike kerk die boodskap van die koninkryk van God nie ken nie, of verloor het, en met allerhande ander godsdienstige temas besig geraak het. Jesus het 'n nuwe orde kom inlui, Hy het ons weer kom konnekteer met sy Vader. Jesus se primêre doel was nie om siekes gesond te maak, dooies op te wek, duiwels uit te dryf of ander wonderwerke te doen nie. Hierdie dinge was slegs tekens daarvan dat die koninkryk van God na die aarde gekom het. Jesus se uiteindelike missie was om die nuwe bedeling van die koninkryk van God in te lui deur mense voor te stel aan die krag van die Heilige Gees. 'n Nuwe wêreldorde het aangebreek. Ons sien hoe Jesus deur Johannes gedoop word in die Jordaanrivier en hoe Hy vol was van die Heilige Gees:

Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei. Lukas 4:14

Die Heilige Gees is God se krag waarmee Hy sy koninkryk laat kom:

Laat Ek verduidelik: in die geskiedenis was daar nog nie 'n belangriker man as Johannes nie. Tog is almal in God se nuwe wêreld waarvoor hy julle wou voorberei, belangriker as hy. Van die dag dat Johannes begin preek het tot nou toe het die onkeerbare krag van God se nuwe wêreld al keer op keer oor die mense gespoel. Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan om deel te word daarvan. Matteus 11:11-12

Jesus wou ons kom deel maak van die koms van sy koninkryk. Hy het aan ons elkeen wat sy kinders is persoonlik die Heilige Gees gegee om permanent in ons te woon. Hy het ons kom voorstel aan die krag van die Heilige Gees – ons hoef nie en kan nie in eie krag betrokke wees by die koninkryk van God nie.

WELKOM

NB Lede moes reeds die vorige week gevra geword het om hul gunsteling T – hemp hierdie week saam te bring na die byeenkoms!!! Of SMS hulle gou!!!

Elke groeplid wys sy gunsteling t – hemp aan die ander en sê hoe dit sy persoonlikheid weerspieël.

WORSHIP

'True worship is the overflow of a stunned heart'

Kom in verwondering oor die grootheid van God deur enkele voorlesings te doen – Psalm 19:1 – 4; Jesaja 40:12 – 15; Psalm 29; Psalm 66: 1 – 9: Psalm 97: 1 – 6; Psalm 139: 1 – 6; Openbaring 4 :11

Laat genoeg tyd tussen voorlesings vir stilte en nadenke en spontane uitings van lof en dank.

Moedig groeplede aan om tussen voorlesings te reageer soos wat die Gees in hulle werk.

WOORD

Spreuke 16:4

1. Elke suksesvolle organisasie, of dit nou 'n besigheid is, of 'n nie-winsgewende groep, of familie, of wat ook al, het 'n missie-verklaring nodig. Hoekom is dit nodig?

'n Missie (of ook vir ons doeleindes 'n "visie"- moet net nie toelaat dat allerhande tegniese definisies oor hierdie saak gegee word nie, elke werksopset sien dit anders) gee rigting en sin – dit laat jou vorentoe gaan in 'n spesifieke rigting en nie maar net rondkarring nie. Of dit nou 'n formeel geskrewe verklaring is, of 'n informele verstandhouding, 'n missie moet die organisasie se doel, filosofie en doelwitte duidelik stel. Elke persoon in 'n organisasie moet dit internaliseer en verstaan sodat almal in dieselfde rigting kan saamwerk en op koers hou. 'n Organisasie se produk, of diens, of boodskap sal groei vanuit sy missie-verklaring

2. Wat is die missie-verklaring van Vredelust Gemeente? En van julle selgroep? Hoe raak dit julle? Hoe pas dit in by die koninkryk van God en die koms van hierdie koninkryk?

Ons glo dat die missie van Vredelust Gemeente "Verander lewens en gemeenskappe / Transforming lives and communities" alles ten nouste te doen het met die koninkryk van God. Dit is ten diepste wat dit beteken dat die koninkryk van God op hierdie aarde kom, wanneer lewens van mense verander en wanneer gemeenskappe getransformeer word volgens koninkrykswaardes.

3. God het alles met 'n doel gemaak. Ons sien hoe God teruggekyk het op sy skeppingswerke en tevrede was daarmee. Maar toe vind die sondeval plaas en die mens se doel raak om koninkryke

vir hom/haarself op te rig. God stuur toe vir Jesus met 'n spesifieke doel. Wat was dit? (Vgl Mark 1:15; Luk 4:18-19; 43; Matt 24:14)

God het vir Jesus gestuur om sy koninkryk weer aan die mens te kom bekendstel, God se koninklike regering soos dit reg aan die begin in die paradys was. Jesus maak dit vir ons moontlik om weer deel van die koninkryk van God te word en om die koninkryk te help bou op aarde. Jesus het nie met 'n nuwe plan gekom nie, Hy het gekom om die beginsel van die koninkryk net weer in te stel, dit wat reeds in die begin van die skepping gegeld het – God se regering op hierdie aarde. Eintlik kan ons praat van die "herinstel" of "herbou" van die koninkryk.

4. Hoe raak die missie van Jesus vir ons persoonlik en as kerk? Vgl. Joh 20:21

As ons sê dat Jesus vir ons die belangrikste in die lewe is, dan moet dit vir ons ook die belangrikste wees oor hoe Hy voel oor dinge en hoe Hy ons wil inskakel by sy missie op aarde. As kerk is ons die liggaam, die hande en voete van Jesus op hierdie aarde. Die kerk, en individuele gelowiges, hou hulle dikwels met allerhande ander agendas besig.

5. Is dit moontlik vir ons as mense om te help met die herstel (koms) van die koninkryk?

"He told the disciples by whose authority he did his work. Then he gave the task to his disciples of spreading the gospel message [about the Kingdom] around the world. They were sent with authority from God to preach, teach, and do miracles (see Matthew 28:16–20; Luke 24:47–49)—in essence, to continue across the world what Jesus had begun in Palestine. Whatever God has asked you to do, remember: (1) Your authority comes from God, and (2) Jesus has demonstrated by words and actions how to accomplish the job he has given you. As the Father sent his Son, Jesus sends his followers ... and you. Your response is to determine from day to day those to whom the Father has sent you." Life Application Study Bible.

6. Ons kan vanuit 'n ander hoek kyk na ons rol in die missie van Jesus – ons is die ambassadeurs van sy (hemelse) koninkryk. Wat kan ons aflei van die rol wat 'n ambassade en ambassadeurs speel in 'n vreemde land en hoe raak dit ons?

Ambassadeurs *is diplomate wat die beleid van die regering wat hulle verteenwoordig uitvoer. As Christus se ambassadeurs verteenwoordig ons die koninklike regering van God. Ons is sy diplomate in hierdie wêreld. Wanneer ons begin om onsself as Christus se ambassadeurs te sien sal dit verander hoe ons dink en optree.* Ambassades *word in 'n vreemde land oopgemaak deur 'n regering, maar die grond waarop die ambassade staan behoort aan die nasie wie se ambassade dit is en het hulle volle jurisduksie daaroor. Dis hoe kragtig 'n ambassade is. Op dieselfde manier is ons ambassadeurs van Christus en sy koninklike regering – ons huis, kantoor, kerk en elke plek waar ons invloed as gelowiges geld raak 'n* ambassade *van die hemel. Vergelyk Lev 25:23 wat sê dat die land aan God behoort en dat ons slegs vreemdelinge op hierdie aarde is.*

Bedien Mekaar

Daar kan aan groeplede elkeen 'n sertifikaat gegee word wat hulle aanstelling bevestig as ambassadeur van Jesus Christus en die koninkryk van God. Bedien mekaar hier rondom en bid vir mekaar.

WÊRELD

Waar rig julle as selgroep 'n ambassade op vir God se koninkryk in die wêreld?